# Gebedsbrief

# On
# tevreden
# heid



Ontevredenheid kom gewoonlik voor wanneer daar 'n langdurige omstandigheid is wat nie verander nie, maar kan soms ook oor die geringste saak voorkom.

Daar ís ook **positiewe ontevredenheid** soos met betrekking tot my geestelike groei - as ons tevrede is en terug sit, sal ons ophou groei. Ook is daar 'n ontevredenheid met die sosiale ongeregtighede en ander onreg wat aangaan, en daarmee saam gaan die begeerte om verandering te sien.

Die mees algemene waarskuwing in die Bybel is egter teenoor die ontevredenheid wat ons het met geld en besittings.

Maar waarop ek klem wil lê,
is die ontevredenheid onder Christene
oor sekere onveranderlike
omstandighede wat soos toetse is
waardeur hulle moet gaan.

Hier kan 'n mens dink aan enkellopendheid, onvermoë om kinders te hê, ongelukkige huwelik, fisiese gebrek, volgehoue swak gesondheid, materiële tekorte, ens.

Bo en behalwe hierdie ernstige toetse kan daar soms klein dingetjies wees wat ons tot ontevredenheid lei. Ek is nie goed met administratiewe dinge nie en omdat ek daarmee moet deel, raak ek ontevrede. Dalk moet ek sekere werk doen waarvan ek nie baie hou nie en dit lei dan ook tot ontevredenheid.

Wat ons moet onthou, is dat
ontevredenheid of tevredenheid, die
reaksie is wat ons het op ons
omstandighede. Dit is nie die
moeilikheidsgraad van die
omstandighede waarin ons is, wat
ons ontevrede maak nie.



Tel 017 689 2001/4 Faks 017 689 2018 adullamaca@secunda.co.za

# word ... aanvaarding

## VERVOLG

Wátter situasie ons ook al versoek om ontevrede te wees is nie die probleem nie, maar ons moet besef dat **dit sonde is**. Ons sien dit baie keer as 'n natuurlike reaksie. As ons so dink, wys dit na die misleiding van sonde vir ons en dat ons daarmee vrede gemaak het. Ons reageer dieselfde as heidene wat nie die "God" faktor in hulle lewens het nie. Ons lewe dan eintlik goddeloos, asof God nie bestaan nie. Omdat ons dit nie as sonde sien nie, maak dit ons persepsie juis so gevaarlik en sal die deur vir groter sonde in my lewe oopgemaak word. Ontevredenheid kan maklik lei tot bitterheid of afkeur aan 'n ander kind van God.

### Hoe kan ons dit hanteer?

Psalm 139:16 kan ons help: **"U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is."**

Hoe moeilik die omstandigheid ookal is, moet ons onthou dat dit deel van God se plan vir my lewe is en dat dit nie sonder 'n doel is nie. Sy weë is baie keer verborge en onverstaanbaar, maar dit is altyd vir Sy glorie en ons uiteindelike beswil.

As daar fisies iets is waarmee ons worstel, dan sal Psalm 139:13 help: **"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder."** Hoe ons gemaak is, moet ons onthou, is deur God so gevorm. Hoe ons lyk en is, is hoe God ons gevorm het. Hy het so gewil dat ons Sy plan die beste kan vervul.

Ons moet ons **nie net bloot onderwerp** aan die hand van die liefdevolle God nie; dit kan steeds met 'n gekla in die hart gepaard gaan. Ook **nie net oorgee** omdat ek niks daaraan kan doen nie. Ons moet dit **aanvaar** want alleen dan sal ons daarin vrede vind.

Aanvaarding beteken jy aanvaar die omstandigheid van God en vertrou dat Hy, wat geen fout maak nie, weet wat die beste vir my is in Sy liefde. Nadat jy dit aanvaar het, kan jy God vra om **jou moeilike omstandigheid te gebruik** om Hom te verheerlik. So beweeg mens weg van die gesindheid van 'n **slagoffer**, na die gesindheid van **diensbaarheid**. Jy begin vra hoe kan jy jou "moeilikheid" gebruik vir God.

Jy vra dalk of ek dan nou nie mag bid vir genesing of verandering van die omstandighede nie? Ja, jy mag. Hy nooi ons uit om alles te bring na Hom toe, maar ons moet bid met die vertroue dat ons Hemelse Vader die beste weet en met gewilligheid Sy antwoord aanvaar. Ons geloof in die Soewereine, Alwyse, Almagtige en Goedheid van God moet vasstaan in al die omstandighede van die lewe. Ons moet dit doen deur die geloof. Ons moet dus staan op wat God sê in sy Woord.

Beveg die ontevredenheid en laat toe dat God die omstandighede en die swaar tot Sy glorie in jou lewe gebruik.

**Ds Japie Malan**

# GEESTELIKE BEDIENING

## SENDELINGE

### Emzinoni

**Elias Dhlamini** doen evangeliese uitreike in die omliggende Bethal area. Hy bedien die Woord in skole, die gevangenis, hospitale, gedurende kerk- en jeugbyeenkomste en is ook betrokke by uitreike, jeugkampe en doen berading.



Elias Dhlamini

**GEBEDSVERSOEK: Krag, gesondheid en volharding met die Roeping waarin hy is. Ook dat die Here vir hom op Sy tyd iemand wat hierdie roeping toegewyd met hom sal deel, sal voorsien.**

### Richardsbaai

**Sipho en Siphokhazi Ndlazi** en hul gesin is tans werksaam in Eskolweni, 'n informele nedersetting van Richardsbaai.

**@GEBEDSBEANTWOORDING! Om die evangelie te bring by verskillende bestemmings is 'n groot vervoerbehoefte ondervind, maar motorfietspryse was buite sy bereik. In Desembermaand is 'n motorfiets aan die Sending geskenk. Die Here het die vervoerprobleem opgelos!**

### Papua New Guinea

**Lourens en Marie Laureti** en hul gesin is in Augustus 2007 uitgestuur na Papua New Guinea. Hul visie is om met dissipelskap en kerkplanting te begin onder een van die onbereikte volke in die area. Hulle voel tans gelei om onder die Mengen volkgroep te gaan werk.

**GEBEDSVERSOEK: Bid asb dat die Here die harte van die volk onder wie hulle finaal geplaas gaan word, sal voorberei en dat Lourens en Marie die nuwe taal vinnig sal kan aanleer.**

Indien u meer oor hulle roeping en die Mengen volkgroep wil weet, besoek gerus die Laureti's se webblad by http//www.lourenslaureti.blogspot.com of stuur vir hom 'n e-pos by lourens_laureti@ntm.org

### … Daar Waar Jy Is.

*Onthou dat die Here Jesus jou geroep het om Sy Boodskap te bedien daar waar jy tans is. Hy het jou daar geplaas met 'n doel. Eer Hom vir en in jou omstandighede. Verheerlik God se Naam in jou daaglikse handel en wandel. Elkeen wat die Naam van Jesus dra is 'n Gestuurde!*

**God doesn't call the Qualified,
He Qualifies the Called!**

### Wie Ek? Hoe?

Die Heer Jesus beloof in Sy Woord dat: **Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus (Fil 1:6)**

*Jesus doen die werk, jy moet net in GEHOORSAAMHEID dien.*

# GEESTELIKE BEDIENING

## LCC (LET CHILDREN COME)

**Let Children Come** is Adullam se Jeugbediening onder leiding van Thomas Dhlamini.

**VISION: "A Sacred Nation"**

Jongmense word uit 'n Bybelse perspektief, in leierseienskappe opgelei. Jongmense word geleer om verantwoordelikheid vir hulle geestelike, emosionele, akademiese en fisiese welstand te neem.

**God wants His children to be responsible and accountable.**

Om hierdie doel te bereik, word verskillende aktiwiteite onder die LCC Bediening aangebied:

## DAAGLIKSE SKOLEBESOEK

Drie jeugwerkers besoek daagliks verskillende skole in Embalenhle waar opening waargeneem word, Bybelstudie met personeel en studente gehou word en geestelike videos vertoon word.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Volharding en vrug op die werk. Bid dat kinders en volwassenes 'n oorgawe vir die Here sal maak en 'n verandering in die gemeenskap sal plaasvind. Bid ook vir beskerming waar hulle weekliks groot distansies in dikwels onveilige gebiede moet aflê**



**Kampkinders met hul bagasie**

## JEUGKAMPE

Jeugkampe word kwartaaliks op Adullam aangebied. Die eerste Jeugkamp vir 2009 is vanaf 20 - 22 Februarie gehou en is deur ± 600 kinders bygewoon. Vervoer, verblyf en kos word verniet voorsien. Kinders tussen die ouderdomme van ses en twintig jaar woon die kampe by. Kampe begin op 'n Vrydag en eindig Sondagoggend na die erediens. Die Boodskap word gebring deur middel van dienste, illustrasies (gelykenisse), sang, videos, opvoerings, speletjies en (vasvra) kompetisies.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Bekering en Lewendige verhoudings met Jesus. Dat die kamp as platform vir jongmense wat 'n Oorgawe gemaak het sal dien.**



**'n Meisiespan sit punte op die telbord**



**'n Seunspan moedig mekaar aan**

# GEESTELIKE BEDIENING

## WOORDVERKONDIGING

**Elke dag word met Woord geopen en afgesluit**. Elke sendingwerker kom weeksoggende 07:30 bymekaar vir Skriflesing en gebed voor daar met die onderskeie dagtake begin word. Aanddienste is om 19:00.

## BESOEKERS

Sondae word kinders en volwassenes in informele nedersettings gaan haal om die oggenddiens by te woon. Na afloop van die diens, word besoekers met 'n ete uit die sendingkombuis bedien waarna hulle weer by hul huise terugbesorg word.




**Vervoer vir Sondagbesoekers**

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Geestelike verdieping en leiding vir alle mede-werkers wat die Woord moet bedien tydens dienste. Ontvanklike harte … dat die saad op goeie grond sal val en die vyand dit nie sal kom steel nie.**

## PLEEGSORG

Omtrent sestien kinders tussen die ouderdomme van vyf en agtien jaar is in die sorg van Adullam geplaas. Redes vir pleegsorg wissel van vernietigende of geweldadige huislike omstandighede, trauma of 'n status as weeskind word aangevoer. Hierdie kinders word geestelik begelei en van alle lewensmiddele voorsien. Hulle word ook daagliks vervoer na hul onderskeie skole in Embalenhle. Slegs vier van hierdie kinders se ouers ondersteun hul finansieel of kry 'n klein staatstoelaag om lewenskostes te dek.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Groepsdruk van leerlinge in buite skole is 'n groot probleem. Bid dat hierdie kinders teen negatiewe invloede staande sal bly en die wil van die Here sal soek. Bid vir geestelike en emosionele genesing.**

## GEESTELIKE HULP

Adullam bied geestelike begeleiding en ondersteuning aan elkeen wat hul lewe met die Here wil regmaak.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Dat die Here die middele wat Hy tot ons beskikking gegee het sal seën en dat siele gered sal word. Dat die wat 'n keuse vir die Here gemaak het, op Sy pad sal volhard en nie sal terugval op hul ou pad nie.**

## KLEUTERSKOLE

Kleuterskoolpersoneel in informele nedersettings tree as fasiliteerders vir die verkondiging van die evangelie aan peuters op. Skole is operasioneel in Leslie, Embalenhle, Jouberton en Witbank.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Lewende verhouding van personeel met die Here en dat kinderharte bereik sal word.**

# GEESTELIKE BEDIENING

## BYBEL OPLEIDING

### BYBELSKOOL

Die Bybelskool bied tans twee kursusse aan:

Timoteus Opleiding

*… en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer (2Timoteus 2:2)*

waar studente toegerus word in die kennis van die evangelie en hoe om die Boodskap te bring

en

Veritas (beteken Waarheid/Truth) Opleiding wat teksontleding behels.

Inskrywings vir 2009 lyk as volg:

**Timoteus Opleiding Kursus**


**Voltyds: 10 - Ds Malan**

**Deeltyds: 16 - Thomas Dhlamini**

**Veritas Kursus**

**Deeltyds: 6 - Ds Malan**

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Dat boekkennis nie net by kopkennis sal bly nie**



**Isaac Khumbani**

## 'n Hart

**vir Mosambiek**

Die visie van Bybelskool opleiding is om kursusgangers die vaardighede te leer om ambassadeurs vir Jesus Christus te wees.

Die ideaal is dat persone wat hul opleiding voltooi het, self in die sendingveld moet ingaan en dissipels vir Jesus maak.

'n Bybelskool student, Isaac Khumbani is tans deel van die span wat op daaglikse skooluitreike gaan. Hy behoort teen die einde van hierdie jaar die Bybelskoolkursus te voltooi.



**Thomas Dhlamini Deeltydse Kursus Fasiliteerder**

Isaac voel op sy hart om na sy geboorteland, Mosambiek terug te keer en die evangelie daar onder sy mense te gaan verkondig.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Indien dit die Heer se wil is dat Isaac moet teruggaan na sy geboorteland en die Here daar verkondig, dat Hy die deure sal oopmaak en die nodige sal voorsien.**

# KINDER BEDIENING

## ADULLAM CHRISTIAN ACADEMY

**Adullam Christian Academy** is as privaatskool in 1998 geopen.

**VISIE: Om die Wêreld vir Christus te bereik … Een kind op 'n slag**

Hierdie jaar is 147 studente vanaf speel-groepie (3 jaar) tot en met graad 12 gere-gistreer. Die ACE® (Accelerated Christian Education) School of Tommor-row leerplan word gevolg. Kinders van voorskool volg 'n leerplan wat op By-belse beginsels en waarheid geskoei is. Hulle word ook aan Christelike rolmod-elle van hul eie ouderdomme voorgestel en hoe om Jesus as hul Vriend en Ver-losser te eer. Die groot uitdaging is wan-neer wat by die skool geleer en geestelik ingebou word, deur ouerhuise teegewerk word (bv verkeerde en afbrekende leef-style en vorms van ontspanning deur ouers beoefen). Ongedisiplineerde ouers vorm ongedisiplineerde en opstandige kinders.

**GEBEDSVERSOEK: Dat ouers hul rol as geestelike leiers sal opneem en 'n veilige geestelike en fisiese hawe vir hul huise sal skep. Finansiele verantwoordelikheid ivm getroue betaling van skoolfonds.**



**Meisies in een van hul nuwe koshuiskamers op die boonste verdieping**

**Ons dra bousteen vir bousteen en kamer vir kamer aan die Heer Jesus op. Ons gebed is dat elke siel wat intrek in die koshuise gaan neem, die Heer sal ont-moet en 'n volle oorgawe aan Hom sal maak.**

## SPLINTERNUWE MEISIESKOSHUIS

**@GEBEDSVERHORING!**

Die nuwe meisieskoshuis is Sondag 11 Januarie met sang en gebed ingewy. Ons is die Heer so dankbaar vir al die handewerk, ure, toewyding, liefde, mate-rial, donasies en opoffering wat in die oprig van die meisieskoshuis gegaan het.

## SPLINTERNUWE MATRASSE

**@GEBEDSVERHORING!**

Beide die seuns– en meisies-koshuise het splinternuwe matrasse ontvang.



**splinternuwe matrasse vir 'n splinternuwe koshuis!**

# KINDER BEDIENING

## ADULLAM CHRISTIAN ACADEMY PERSONEEL

**'n Vereiste** van Adullam Christian Academy is dat sy personeel in 'n lewende verhouding met die Here Jesus Christus moet staan.

**GEBEDSVERSOEK: Personeel, rolmodelle in Christus sal wees.**

**@GEBEDSVERHORING! Drie gekwalifiseerde nuwe personeellede het by ons aangesluit**

## PERSONEEL UNIFORMS

Materiaal vir nuwe uniforms vir die skoolpersoneel is in 2008 geskenk. Personeel kon hul inisiatief en kreatiwiteit aan die dag lê en vir hulself 'n uniform ontwerp wat aan die voorskrifte van Adullam voldoen.



**Lidia en Julia met hulle nuwe uniforms**

Met die Educators Convention (vir alle ACE® skole in Mpumalanga) gehou in Ermelo, het die personeel die geleentheid gekry om hul nuwe uniforms vir die eerste keer te dra.

Die personeel het pragtig en eenvormig gelyk en baie komplimente is ontvang.

## SKOOLBUS

Die skool spandeer tans baie aan die huur van busse om personeel en kinders na die nodige aktiwiteite te vervoer.

**GEBEDSVERSOEK: 'n Skoolbus**

## SPORT GRONDE

**GEBEDSVERSOEK: Nodige kundigheid en material vir die verskuiwing en verdere ontwikkeling van sportgronde. Dit sluit in die ontwikkeling van:**

**Sokkerveld**

**Volleyball en Netbalbane**

**Atletiekbaan**

# BEHOEFTE BEDIENING

## PROJEKTE



Die Sendingkombuis is tans 'n gebou van sink.
Ons bid vir 'n gebou van stene

### SPORTGROND ONTWIKKELING

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Nodige kundigheid en material vir die verskuiwing en verdere ontwikkeling van sportgronde.**

### KOSHUIS-MEUBELS ENS

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Vrywilligers wat kan help met skarniere vervang, kasdeure opknap, beddens vassit, ens.**

### KOMBUIS FASILITEITE

Ons benodig dringende opgradering van die sendingkombuis en fasiliteite.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Boumateriaal, industriele kookbenodighede, bouers en boukundiges wat 'n gebouplan kan voorle.**

### LOOD-GIETERSWERK

Plek-plek ondervind ons probleme met geysers of pype wat deurroes.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Nodige kennis en finansies vir die vervang en herstel van materiaal.**



Pypherstelwerk in die badkamer van die nuwe meisieskoshuis

### AKKOMODASIE EN ABLUSIE FASILITEITE

Ons bied akkomodasie vir besoekers en tydens jeugkampe, vir kinders aan. Ongelukkig loop die vertrekke en ablusiegeriewe somtyds onder vandalisme deur.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Hartsverandering van persone wat oornag en of bly sowel as verantwoordelikheidsin en oppassendheid.**

### TONNEL STRUKTUUR

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Arbeiders om die vierde tonnelstruktuur op te rig.**

**<u>@GEBEDSVERHORING!</u> Materiaal vir die oprig van die vierde tonnel.**

# BEHOEFTE BEDIENING

## DRINGENDE GEBEDSVERSOEKE

### ARBEIDERS
### WAT GEROEP IS

Ons het 'n groot behoefte aan arbeiders (personeel) wat betrokke kan raak by die instandhouding en allerlei node op die sending. Sonder 'n roeping en gewilligheid hou mense nie vol en is nie toegewy in die area waarin hulle dien nie. Ons het mense nodig wat 'n hartsroeping het om in die Here se wingerd te dien.

### GEBEDSONDERSTEUNING


Die Woord leer ons dat die gebed van die regverdige groot krag het. (Jakobus 5:16). Ons het gebedstryders baie nodig.

### VRYWILLIGERS
### VAN FISIESE ARBEID

BKJA's en enige gewillige groep of individu wat op 'n beskikbare dag met handearbeid kan dien. Fisiese, fisieke betrokkenheid bv oprig van strukture, help met plaaswerk, instandhouding ens.

### DRYWER
### VIR MELKVERKOPE

Ons benodig dringend 'n drywer wat die melkverkope sal kan behartig. Die groot tekort aan personeel maak dit moeilik om ander verantwoordelikhede na te kom en behoeftes aan te spreek.



# BEDIENINGS UITDAGINGS

## NATUUR ELEMENTE



Sinkdakke is afgewaai



Die plafon het nog lank ná die brand gesmeul

### WINDSTORM

Einde verlede jaar het 'n woeste wind en gepaardgaande reënstorm behoorlik skade aangerig. Sinkdakke is afgewaai en 'n groot mas se kabel het meegegee. Hierdie lang paal het oor die kampkamers, meisieskoshuiskamers en dameskleedkamer te lande gekom.

### BRAND

Gedurende 'n aanddiens het 'n kampkamer aan die brand geraak. Niemand was ten tyde van die brand in die kamer nie. Groot skade is wel aan die plafon, mure en matrasse aangerig. Ons is dankbaar dat niemand in beide gevalle beseer is nie.



Alles is in puin gelê



Die kampkamer se venster

# HARTSBEDIENINGS

## ONS IS GESEEND

### LIEFDESMAAL

Op Donderdag 26 Februarie het 'n vrouespan vir die hele sending 'n heerlike ete voorberei. Ons het soos konings aan hierdie liefdesmaal gedeel.



**Die vrouespan wat ons bedien het**



**Solomon smul!**



**Opskep!**



**Zadok is in sy noppies!**

Baie dankie aan elkeen vir onbaat-sugtige donasies en betrokkenheid

… ons waardeer!

### ALLERLEI

Indien u by 'n spesifieke projek betrokke wil raak, is u welkom om vir Dominee Japie Malan (082 654 4707) te skakel.

# BOERDERY BEDIENING

## AKTIWITEITE

### VOER

Die winterseison is op hande en ons is tans agter skedule met die baal van wintervoer. Produksie lyk wel belowend.

**GEBEDSVERSOEK: Dat die gras vir wintervoer ingebring kan word terwyl dit nog dra-krag het.**

### TREKKERS EN LANDBOUMASJINERIE

Ons beleef 'n groot nood aan meganiese kennis ens vir die herstel van trekkers, parte beskikbaarheid en landboumasjinerie.

Ons het vir 'n lang tydperk sonder die nodige toerusting gewerk, met die gevolg dat ons laat begin baal en land vir groente voorberei het.



**Johan Fourie besig om beddings te maak vir planting**



**Phillip by die nuwe beddingmaker**

### LANDBOU IMPLEMENT SKENKING (beddingmaker)

**@GEBEDSBEANTWOORDING!**

Ons is baie dankbaar vir 'n beddingmaker deur 'n plaasboer aan ons geskenk.

Die implement is Vrydag, 27 Februarie, ingewy en daar is nie 'n lekkerder reuk as vars omgeploegde grond nie!

# BOERDERY BEDIENING

## AKTIWITEITE



Groente opbrengs in Desember 08

### PLANTING

Die eerste groenteplantjies is Saterdag 28 Februarie geplant. As die Here wil, sal in die regte seisoen spinasie, kool, blomkool, beet en uie geoes word.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Beskerming teen siektes en natuurelemente**

### MELKERY EN MELKVERKOPE

**<u>@GEBEDSVERHORING!</u> Iemand het vir ons melktoerusting geskenk sodat ons die bestaande staal-kapasiteit kan vergroot. Dit beteken dat waar ons tans 4 koeie per keer kan melk, ons in die toekoms 8 koeie per keer sal kan melk.**

Die melkproduksie het mooi gestyg en die diere is gesond. Ons het Desembermaand 10 Holstein verskalfies aangekoop wat dan oor drie jaar ons melkproduksie behoort aan te vul. Daar is tans 21 versies van 2 maande tot 1½ jaar wat ons vir die uitbreiding van die melkery grootmaak. Melkproduksie is tans ongeveer 250 liter per dag waarvan die Sendingkombuis ook voorsien word. Die hartseer is dat almal die gevolge van die swak ekonomie voel. Gereelde melkkopers kan nie meer die aankoop van melk bekostig nie - selfs nie teen R4.50 per liter nie. Daar word daagliks melk by kleuterskole en snoepwinkels afgelewer, sowel as aan privaat individue verkoop. Die melkverkope dien ook as 'n wonderlike geleentheid om die Goeie Nuus te deel.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> 'n Drywer wat die verkope kan behartig.**

### TONNELS (GREENHOUSES)

Die Here seën ons met wonderlike oeste en 'n konstante mark. Daar is tans drie tonnelstrukture waarin tamaties hidroponies verbou word.

**<u>GEBEDSVERSOEK:</u> Arbeiders en die geleentheid om die vierde tonnelstruktuur op te rig.**



Tamaties in die groentetonnel

# HARTSBEDIENINGS

## ONS IS GESEËND



**Opblaaskasteel! Sharon en Palesa geniet hulle gate uit!**

## KERSFEES

Individue en besighede het uitgereik …

Kerstyd is beide kinders en volwassenes heerlik bederf met lekkergoed en geskenk-pakkies propvol badgoed, soetgoed en eetgoed.

Twee springkastele is vir die hele kersnaweek geboek en het ure van heer-like speel gegee. Kinders het gekraai van genot - van sonop tot sononder!



**Al ons lekkergoed het ons eie name op!**



**Ernstige swemmers dra duikbrille!**




**Gesinne en kinders het 'n heerlike groot geskenkpak ontvang**

# Paaskonferensie

## Tema

**Let noukeurig op Jesus**

(Heb 3:1)

## Datum

**9—12 April 2009**

## Dienstye

**Donderdag 9 April**

19:00

**Vrydag 10 April**

10:00 15:00 19:00

**Saterdag 11 April**

10:00 15:00 19:00

**Sondag 12 April**

10:00 15:00 19:00

## Sprekers

Dr H Boshoff, Dr F Kellerman, Dr A van der Merwe, Gert van Rensburg e.a

## Kontak Besonderhede

**Adullam Sending**

Tel (017) 689 2001 / 4 E-pos adullamaca@secunda.co.za